

INHOUD:

SIZA Omgewing	1	SIZA Lidmaatskapfooie	3
GlobalG.A.P.	2	Billike Indiensmeningspraktyke / “Modern Slavery”	4

SIZA OMGEWINGSMODULE

SIZA, die Suid-Afrikaanse volhoubaarheidstandaard vir sosiale/arbeidspraktyke en omgewingsekerheid, is die eerste om VOLLE (100%) gelykwaardigheid te bereik tydens ‘n meting teen die SAI Platvorm se “*Farm Sustainability Assessment*” (FSA). Hierdie vlak van gelykwaardigheid is ‘n eerste siende dat geen ander standard nog ooit voorheen die totale omvang van die FSA vereistes ingesluit het nie.

Die “*Sustainable Agriculture Initiative*” Platvorm (SAI Platvorm) en SIZA kondig die uitskoms van ‘n gelykwaardighedsprojek aan, wat ten doel het om die gapings tussen SIZA die die FSA te verstaan. Die SIZA Platvorm bied twee aparte standarde aan Suid-Afrikaanse produsente – die een dek sosiaal/arbeidskriteria en die ander dek kriteria oor omgewingsvereistes. Beide hierdie standarde is deeglik beoordeel teenoor die SAI Platvorm se “*Farm Sustainability Assessment*” 2.0 en het die hoogste ekwivalensie bereik: GOUD (100% noodsaaklik, 100% basies en 100% gevorderd).

Kliek gerus op die skakel om die volle persvrystelling te lees: https://siza.co.za/wp-content/uploads/2018/02/SIZA-FSA-Gold-Equivalence_Media-release_final.pdf

IINLITING OOR WERKSWINKELS VIR OPLEIDING OOR OMGEWINGSVEREISTES

Met die onlangse byvoeging van die omgewingsmodule bied SIZA ‘n reeks werkswinkels aan wat ons lede sal help om die Omgewingstandaard beter te verstaan en die Self-assesseringsvraelys (SAQ) op die Platvorm te kan voltooi. Hierdie werkswinkels sal die inhoud van die omgewingstandaard verduidelik en sluit ook ‘n interaktiewe sessie oor die SIZA Platvorm in.

Wat om te verwag:

Elke werkswinkel sluit die volgende in: ‘n oorsig van die inhoud, vrae oor en die kriteria van die Omgewingstandaard, en ‘n interaktiewe sessie oor die Platvorm om te verseker dat die SAQ reg voltooi word. Nadat u vir die werkswinkel geregistreer het, sal SIZA se omgewingskenner, Henko Vlok, u help om die nodige inligting voor te berei sodat u die SAQ voor die werkswinkel kan voltooi, aangesien dit ‘n voorvereiste is om die werkswinkels te kan bywoon.

Hoe lank: Elke werkswinkel behoort 2 tot 3 ure te duur.

Wat om te bring: Jouself, enige vrae en die regte benadering om nuwe dinge te leer!

Koste van die werkswinkels: Gratis

Hoe om in te skryf: E-pos of skakel Henko Vlok by die SIZA kantoor (henko@siza.co.za) / (021) 852 8184) met die besonderhede van die werkswinkel wat jy graag sal wil bywoon of as jy enige navrae het.

OMGEWINGSWERKSWINKELS 2018

Plek	Datum	Tyd
MAART		
Fort Beaufort	13 Maart 2018	09:00-12:00
Kirkwood	14 Maart 2018	10:00-13:00
Patensie	15 Maart 2018	09:00-12:00
Margate	26 Maart 2018	09:00-12:00
Eshowe	27 Maart 2018	09:00-12:00
APRIL		
Upington	11 April 2018	12:00-15:00
Kakamas	12 April 2018	09:00-12:00
Bethlehem	17 April 2018	13:00-16:00
Harrismith	18 April 2018	09:00-12:00
Ceres	23 April 2018	10:00-13:00
Grabouw	24 April 2018	09:00-12:00
Riversonderend	25 April 2018	10:00-13:00
MEI		
Paarl	8 Mei 2018	10:00-13:00
Robertson	9 Mei 2018	12:00-15:00
Citrusdal	15 Mei 2018	09:00-12:00
George	23 Mei 2018	12:00-15:00

SIZA / GLOBALG.A.P. (GRASP)

SIZA en GlobalG.A.P het in 2017 'n formele ooreenkoms gesluit waarvolgens GlobalG.A.P die SIZA Eties (Sosiale) standaard erken as 'n voldoende vereiste om GRASP oudits in Suid-Afrika te 'vervang'. Dit is in lyn met SIZA se missie om ouditduplicering te voorkom.

Een van die vereistes rondom die ooreenkoms was dat die uitslae van SIZA lede se oudits op die GlobalG.A.P databasis moet verskyn. SIZA het dus begin om 'n "Application Programming Interface" (API) tussen die SIZA en GlobalG.A.P databasisse te ontwikkel. Die API is reeds in sy finale fase en data sal binnekort outomaties in ware tyd oorgedra word vanaf die SIZA databasis na GlobalG.A.P. Tot op hede was hierdie inligting maandeliks na GLOBALG.A.P aangestuur per epos. Daar is heelwat Europese aankopers wat hulle verskaffers se nakoming van etiese standaarde deur die GlobalG.A.P / GRASP platvorm dophou en hierdie API sal help om sigbaarheid vir daardie aankopers te verseker en te vergemaklik.

SIZA / "CONFRONTING CLIMATE CHANGE"

In die SIZA Omgewings SAQ moet lede verslag doen oor hul energieverbruik en gepaardgaande emissies, asook hoe dit gemonitor word. Die "Confronting Climate Change" (CCC) inisiatief is 'n koolstofvoetspoor projek wat ontwikkel is om die Suid-Afrikaanse vrugte- en wynbedrywe te ondersteun deur risikos en geleenthede te identifiseer wat met koolstofemissies gepaard gaan, en daarop te reageer. Om dinge makliker te maak vir SIZA lede, is die skakel na www.climatefruitandwine.co.za beskikbaar wanneer hulle die Omgewings SAQ voltooi. Dit bied die geleendheid om energieverbruik en emissies te bereken. Ons moedig alle SIZA lede aan om hierdie geleenthed te benut om waarde tot jou besigheidsprestasie toe te voeg. Die bogenoemde skakel lei na die CCC webtuiste waarop die koolstof 'sakrekenaar' beskikbaar is.

SIZA LIDMAATSKAPFOOIE

Vanaf 1 April 2018 sal die prysstruktuur vir SIZA lidmaatskap verander.

Die toekomstige prys van lidmaatskap sal afhang van die SIZA modules wat jy wil gebruik en in watter market sigbaarheid vereis word. Die lidmaatskapvlak wat jy kies sal bestaan uit jou basiese fooi plus die addisionele modules en die ander opsies wat tans gekies kan word soos SIZA Eties en/of SIZA Omgewing.

Sigbaarheidsopsies sluit GlobalG.A.P (GRASP) en/of Sedex in.

Indien jy 'n addisionele module (soos SIZA Omgewing) wil gebruik, moet jy dit asb. ten tyde van jou lidmaatskaphernuwing aandui. Die addisionele SIZA modules kos R600 (BTW uitg.) per jaar.

Indien jy sigbaarheid op Sedex en/of GlobalG.A.P benodig, moet jy dit ook tydens jou hernuweingsproses aandui. Sigbaarheid kos R100 (BTW uitg.) per platform per jaar. Onthou asb. om aansoek te doen vir een of albei van hierdie sigbaarheidsopsies indien jy sigbaarheid vereis, anders sal jou data nie sigbaar wees vir hierdie markte nie en sal jy waarskynlik addisionele oudits moet ondergaan.

Die onderstaande tabel verduidelik die volle prysstruktuur vir die verskillende lidmaatskapvlakke.

Basisstandaard	SIZA Eties	Prys (afhangend van die lidmaatskapvlak wat jy kies*)
Addisionele module	SIZA Omgewing	R600.00 BTW uitg.
GlobalG.A.P sigbaarheid	Ja	R100.00 BTW uitg.
Sedex sigbaahried	Ja	R100.00 BTW uitg.

* Normale lidmaatskapfooie sal styg vanaf 1 April 2018

SIZA gebruik die lidmaatskapfooie om kapasiteit en ondersteuning deur hulle kantore in Somerset-Wes te skep en om verdere ontwikkeling, funksies en voordele op die Platvorm en in opleidingsprogramme te vestig.

WAAROM MOET JY JOU LIDMAATSKAP JAARLIKS HERNU?

Alhoewel jy 'n Platinum, Goud, Silwer of Brons status toegeken is (wat vir n periode van twee of drie jaar geldig is), moet jy steeds jaarliks jou SIZA lidmaatskap hernu en jou self-assesseringsvraelys (SAQ) voltooi. Een van die voorwaardes van die twee- of drie-jaar ouditperiode is dat SIZA moet kontroleer of jou etiese handelspraktyke en standarde oor daardie tydperk gehandhaaf is. SIZA moet die SAQ jaarliks nagaan om te sien of enigiets op jou plaas verander het deur die loop van die jaar. Indien jy nie jou lidmaatskap en SAQ jaarliks hernu nie, sal jou sigbaarheid op die SIZA en Sedex Platvorms in die gedrang kom en jou oudit bevestigingsbrief sal nie meer geldig wees nie.



STRONGER TOGETHER PROGRAM: BILLIKE LANDBOUPRAKTYKE (GEDWONGE EN GEBONDE ARBEID)

Stronger Together het 'n nuwe projek van stapel gestuur om verantwoordelike arbeidspraktyke in die vrugte- en wynbedrywe van Suid-Afrika te bevorder. Die projek word befonds deur die “United Kingdom Home Office Modern Slavery Innovation Fund” en word uitgevoer in samewerking met die Wine and Agricultural Ethical Trade Association (WIETA) en The Sustainability Initiative of SA (SIZA).

Die VK se Wet op Moderne Salwerny van 2015 vereis dat groot maatskappye wat in die VK gebaseer is, stappe moet neem om die risiko van moderne slawerny aan te spreek en te verminder in hulle wêreldwye voorsieningskettings. Slawerny sluit onder ander in, enige vorm van gedwonge en/of gebonde arbeid, menslike handel en vryheid van assosiasie. Dit is dus van toenemende belang dat Suid-Afrikaanse produsente toesien dat hulle arbeidspraktyke billik en sonder enige teken van die genoemde kwessies is. Nie net sal dit help om marktoegang te verseker nie, maar dit sal ook die voortbestaan van hierdie sektore beskerm en gesonde werksomgewings skep waar uitbuitende arbeidspraktyke ontmoedig word.

Ons moedig dus produsente aan om van die geleentheid vir gratis opleiding gebruik te maak en soveel as moontlik uit te vind oor wat presies gedwonge en gebonde arbeid behels. SIZA het reeds die ouditkontrolelys uitgebrei om meer omvattende vereistes in te sluit en ouditeure sal in die toekoms in diepte kyk en aandag gee aan hierdie aspekte tydens 'n oudit.

Die Opleidingssessies wat beplan word in die verskillende produksie-areas in 2018 word hieronder aangedui. Inligting oor lokale en spesifieke opleidingsstye sal binnekort versprei word.

Maand (in 2018)	Provinsie	Liggings	Vasgestelde datums
Maart	Oos-Kaap	Addo	1 Maart
		Kirkwood	2 Maart
	Oos-Kaap	Gamtoosvallei	19 & 20 Maart
	Mpumalanga	Nelspruit	7–9 Maart
Mei	Wes-Kaap	Ceres	7 Mei
		Op-die-Berg	11 Mei
		Riebeek Kelder	9 Mei
		De Doorns	15 Mei
		De Doorns	16 Mei
		Verskillende areas	Mei–September
Junie	Noordkaap	Grobelshoop / Grootdrink Upington/ Kanoneiland Augrabies / Kakamas	12 – 15 Junie
Julie	Wes-Kaap	Verskillende areas	Mei–September
Augustus	Wes-Kaap	Tulbach	29 Augustus
		Verskillende areas	Mei–September
September	Wes-Kaap	Verskillende areas	Mei–September
	Kwazulu-Natal	Verskillende areas	Mei–September
Oktober	Limpopo	Hoedspruit / Tzaneen / ens.	1–5 Oktober



Stronger Together Werkswinkels vervolg ...

Hoe lank: Werkswinkel sal 1-voldag wees.

Wat om te bring: Jouself, enige vrae en die regte benadering om nuwe dinge te leer!

Koste van die werkswinkels: Gratis

Hoe om in te skryf: E-pos of skakel Lynn Taute by die SIZA kantoor (lynn@siza.co.za / (021) 852 8184) met die besonderhede van die werkswinkel wat u graag wil bywoon of as daar enige onduidelikheid rondom dit bestaan.

Vir hulp of navrae oor die SIZA Platvorm:

Logan Terhoeven (Tel. 086 1111 568)
E-pos: info@siza.co.za

